# Lesing 1 - !2 November 2021 - Selfs die slegste en boosste sondaar besit die Goddelike vonk van Elohim se Liefde

**Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4**
**JACOB LORBER - AFRIKAANS**

**Hoofstuk 45:[5]** Cyrenius vra My sydelings of die tyd nou aangebreek het.

[6] Ek sê: "Nog bietjie geduld, gun die siel nog bietjie tyd om dit te verwerk! Hierdie man sit nou vol opgewonde gedagtes en sou nie goed in die magnetiese slaap gebring kan word nie. Ook Zinka mag nie aan hom voorgestel word as die een wat daarvoor uitverkies is nie, voordat die regte oomblik nie daarvoor aangebreek het nie! Ek sal julle wel die teken daarvoor gee."

[7] Na My woorde en My aanwysing bly almal `n tydjie stil, en ons Zinka wag met angstige vreugde op My teken om Zorel te behandel. Dié word nou egter bestorm deur allerlei gedagtes oor die miskien werklik goeie maar ook die uiteindelik bose wat die mense hom sou kon aandoen. Maar hy let op ons gesigte en sê dan by homself: `nee, hierdie mense sien nie te kwader trou daaruit nie, hulle kan `n mens vertrou! Hulle kan alleen iets goeds, maar nooit iets slegs doen nie!'

[8] Wel, hierdie voorbereiding was op sigself noodsaaklik vir die behandeling wat toegepas moes word; sonder dié voorbereiding sou die oplegging van hande deur ons Zinka vergeefse moeite gewees het. Want met hierdie behandeling moet die persoon wat behandel word self in `n sekere stadium tot geloof en vertroue gebring word. Andersins sal dit nie so maklik wees om hom, ondanks alle menslike moontlike substansiële sielekrag, ook al is dit hóé oorvloedig aanwesig, in die heilsame slaap te bring nie.

[9] Ja, dit is by volledig uit en in die gees wedergebore mense heelwat anders! Hulle hoef, net soos Ek, slegs te wil – en die genesing is `n feit! Maar by `n mens wat nog nie volledig wedergebore is nie en die sieke so wil behandel, moet ook die opwekking en die tot lewe bring van die te behandelde mens vooraf gebeur, omdat anders – soos gesê – die hele behandeling moeite en werk verniet sou wees.

[10] Nou is Zorel ryp en Ek gee Zinka dadelik die afgesproke teken om Zorel die hande op te lê.

## Zorel kom tot selfkennis

**48** Ek wink nou vir Zinka en hy gaan dadelik na Zorel en sê: "Broer, die Meester, wat almagtig en vol erbarming, goedheid en liefde en wysheid is, wil dat ek jou, enkel deur die oplê van my lewenskragtige hande, sal genees. Vrees nie, maar vertrou en word dan `n ander mens, en daarna sal aan jou niks onthou word wat jou maar enigsins liggaamlik en geestelik tot wesenlike heil kan strek nie! Wil jy dit hê, en vertrou jy my, jou ware vriend en broer, staan my dan toe dat ek jou my hande oplê!"

[2] Zorel sê: "Vriend, met sulke trouhartige woorde kan jy my na die Tartarus stuur en dan sal ek gaan! Lê daarom in elk geval jou ware broederhande op my, waar en hoe jy hulle maar wil lê, en ek sal my nie teen jou verset nie!"

[3] Zinka sê: "Nou goed dan - gaan sit op hierdie bank dan sal ek jou vervul met die Krag van God!"

[4] Zorel sê: "Van watter God dan? Dalk van Zeus, Apollo, Mars, Mercurius of Vulcanus, Pluto of Neptunus? Ek versoek jou, laat Pluto asseblief daaruit, want met sy stormagtige krag sou ek regtig nie vervul wil wees nie!"

[5] Zinka sê: "Vergeet die gode, wat maar net in die fantasie van die sedert lang tye blinde mense bestaan! Daar is maar EEN egte God, en dit is die aan julle onbekende, groot God, vir wie julle heidene weliswaar ook orals `n tempel gebou het, maar wat julle nog nooit geken het nie! Maar nou het die tyd gekom dat julle ook hierdie enigste egte God sal leer ken! En kyk, met die Barmhartigheid en Krag van dié God sal jy nou tot jou heil vervul word as ek jou my hande sal oplê!"

[6] Zorel sê: "Ag, lê in daardie geval jou hande maar dadelik op my op die manier wat aan jou die beste bekend sal wees!"

[7] Dan lê Zinka sy hande op die voorgeskrewe wyse op Zorel en dadelik val Zorel in `n magnetiese slaap.

[8] Na verloop van ruim `n kwartier begin Zorel, wat origens vas en met toegeknypte oë slaap, soos volg te praat: "O God, o God, hoe is ek tog werklik `n miserabele, slegte mens en wat `n eerlike, regskape mens sou ek kon wees as ek dit maar wil wees. Maar die vloek van die sonde, en van die leuen en die hoogmoed, wat beide die eintlike hoofsondes is, lê nou juis daarin dat hulle hulself steeds weer opnuut verwek en hulle vermeerder soos die gras op die aarde en die sand aan die see!

[9] O God! Ek het soveel sondes en gebreke aan my siel dat ek van louter sonde my vel nie sien nie, ja, ek bevind my nou deur die drukkende gewig van my tallose sondes asof in dik rookwolke en newels!

[10] O God, o God, wie sal my ooit van my sondes kan bevry! Ek is `n groot dief, ek is `n leuenaar en as ek lieg, lieg ek altyd maar om deur `n nuwe leuen die oue meer krag by te gee en dit as die een of ander waarheid geldigheid te gee. O, hoe is ek tog `n afskuwelike aartsleuenaar! Alles wat ek het, het ek deur leuen en bedrog en deur heimlike en openlike diefstal verkry!